

# ***FAMILIENUUS***

***Mei 2019***



## **KLEINGROEPE: NUUS**

► Kleingroepe is vriendskapsgroepe wat saam geestelik groei. Dit is ook die plek waar die groot gemeente persoonlik raak. Magalieskruin het 'n verskeidenheid kleingroepe (omgeegroepe, Bybelstudies, selgroepe, vrouegroepe en mannegespreksgroepe) wat op 'n gereelde basis vergader. Kontak vir Janine Joubert by die kerkkantoor (012-548-1245) om betrokke te raak. U kan ook 'n e-pos stuur aan haar by [magaliesklein@telkomsa.net](mailto:magaliesklein@telkomsa.net).

► Die teeskinkbeurtlys vir 2019 is per e-pos aan die Kleingroepleiers gestuur. Dankie vir die bevestigings wat reeds ontvang is van julle teeskinkdatums.

► Baie dankie aan ds. Lizette van Rooyen vir Mei se Bybelstudie.

## **MAGALIESKRUIN GEBEDSNETWERK**

Ons moedig kleingroepe aan om deel te word van ons gemeente se gebedsnetwerk. Ons het 'n WhatsAppgroep waar ons gebedsversoeke plaas. 'n Lid of al die lede van julle kleingroep kan deel word van dié groep. Neem dan die gebedsversoeke en bid in julle kleingroep oor die sake. Om deel te word, stuur jou naam per SMS na ds. Louis by 082-929-0244. Julle kan ook gebedsversoeke na ds. Louis stuur, wat dit dan op die groep sal plaas.



## **VERHOUDING MET MENSE NADER AAN JOU**

### **Week 1: Bou aan verhoudings met mense naby aan jou**

**Teks:** 2 Korintiërs 9:8;10-11; Genesis 2:18; 1 Johannes 4:7

Hierdie maand gaan ons Bybelstudies handel oor die mense naaste aan ons. Kom ons begin vandag deur te dink aan die mense naaste aan ons.

Ons is nie gemaak om alleen te wees nie. Dis die een deel van God se eie skeppingswerk wat Hy verander en verbeter het: Hy het vir Adam 'n maat gemaak.

God is 'n verhoudings-God. Vader, Seun en Heilige Gees is in verhouding met mekaar. Die mens is na God se beeld geskape en daarom gemaak om in verhoudings met ander mense te leef. Verhoudings is vir elkeen van ons baie belangrik. Daarom moet ons vreugde vind in die spesiale mense in jou lewe, en doelbewus tyd maak vir hulle. Want daar is te veel mense wat in ons dag en tyd by hulle huis is, omring met hulle naaste geliefdes, maar nie ten volle daar is nie.

Die bekende geestelike leier Craig Groeschel het 'n leuse: *“When you are there, be all there.”*

Ons kan nie net fisies op 'n plek wees, maar in jou kop iewers elders nie. Dit help nie jou liggaam is teenwoordig, maar jy is emosioneel afgeskakel nie. Hy daag ons uit dat ons ten volle moet wees waar jy moet wees en waarop jy moet fokus.

Aan die ander kant, in ons verhouding met die mense naaste aan ons, is ons optrede baie keer slegs reaktief. Jy doen dinge vir iemand omdat hulle iets goeds vir jou gedoen het. Jy is gaaf met iemand, want hulle was gaaf met jou. Ek wil jou hierdie week uitdaag om dit vir 'n slag anders te doen. Seën iemand onverwags en nie omdat jy wil of omdat jy dink die persoon het dit dalk regtig nodig. Maak jouself gelukkig deur iemand anders te seën en iets goeds vir hulle te doen, nog voor hulle daarvoor gevra het.

### **Bespreking:**

1. Bespreek met mekaar wie die mense naaste aan julle is.
2. Hoe kan ons sorg dat ons meer “teenwoordig” is wanneer ons saam met ons naaste mense is?
3. Hoe kan ons die mense naaste aan ons elke dag seën?
4. Hoe seën die Here jou deur die mense naaste aan jou?



## **Week 2: Verhoudings in die gesin**

**Teks:** 1 Petrus 1:22; 1 Johannes 4:12; Eksodus 20:12; 1 Petrus 4:8 (7-11)

Jou gesin is die mense wat die naaste aan jou leef. Dit maak nie saak of jy die pa, ma of kind is nie, belê tyd in jou gesin. Die Here roep ons eerste op om vir die mense naaste aan ons, ons gesin lief te hê. Gee van jou liefde, aandag en interaksie vir jou gesin en nie net vir mense buite jou gesin nie.

‘n Huis is ‘n klein, intieme omgewing, waar mense vir jare nou saam met mekaar leef. In ‘n gelukkige huisgesin met naby verhoudings lê diep vreugde en blydschap. Vanuit dit kan en moet dit oorspoel na ander mense.

Tog gebeur dit soms dat niemand jou meer irriteer as juis jou huismense nie. Dis moeilik om te erken, maar aan die ander kant - die lede van ‘n gesin ken mekaar deur en deur, hulle ken mekaar se swak en sterkpunte, al mekaar se sondes en prestasies. Jy ken niemand so goed, en niemand ken jou so goed, soos jou gesin en huismense nie. Dit maak dat ‘n mens ook partykeer geneig is om eerder jou vriende te vergewe en baie geduldiger met hulle te wees as jou huismense. Dit is egter ook waar dat niemand meer smag na jou liefde, erkenning en omgee as jou gesinslede nie.

Beplan daarom doelgerig om tyd saam met jou gesin deur te bring. Bou hulle op en wys hulle jy waardeer hulle. Wys elke dag vir hulle hoe lief jy vir hulle is. Hulle genoegdoening sal jou ook gelukkig maak.

### **Bespreking:**

1. Bespreek met mekaar hoe ons gesinslede een van die grootste geskenke van God af is.
2. Vertel vir mekaar hoe julle as gesinne saam tyd spandeer.
3. Hoe gebruik God julle gesinne om saam ‘n verskil in die wereld te maak?
4. Bid vir mekaar se gesinne.



## **Week 3: Verhoudings met vriende**

**Teks:** Prediker 4:9-12; Spreuke 18:24; Spreuke 27:9; Romeine 16: 17-19

Die lewe gaan oor verhoudings, en min dinge is so kosbaar soos ‘n ware vriend(in). Dit is ongelooflik spesiaal om jou hart te kan uitstort by iemand by wie jy veilig voel, en om getroos te word deur ‘n vriend wat werklik omgee. In vandag se gejaagde lewe is dit so dat ons maklik ons vriendskappe afskeep. Dit is ‘n groot fout, want dit is wonderlik om ‘n vriend te hê wanneer die lewe moeilik raak.

Ons is gemaak om te dien, om ander se voete te was. Terwyl ons so ‘n lewe van diensbaarheid lei, soos Jesus, moet ons versigtig wees vir mense wat jou soos ‘n parasiet leegsuig en jou lewensvreugde steel. Bly weg van mense met allerhande verskuilde agendas; mense wat jou kan seermaak en jou vir hulle doeleindes misbruik.

Kry afstand van mense wat ander misbruik, en omring jou met goeie, opregte vriende saam met wie jy die lewe kan geniet.

Ons jaag so deur die lewe dat ons vergeet die lewe gaan eintlik oor verhoudings. Wat die lewe werklik die moeite werd maak, is diep, kwaliteit verhoudings.

Is daar ‘n vriend of vriendin wat jy die laaste tyd afgeskeep het? Watter vriend of vriendin mis jy regtig, maar jy jaag so dat julle nie by mekaar kan uitkom nie?

Reël daardie kuier sommer nou. Skeduleer dit in jou dagboek. Geniet saam ‘n groot beker koffie met ‘n lekker eetdingetjie by. Lag saam en geniet die geselskap van die goeie vriende wat die Here vir jou gee.

Maak tyd vir ware vriende in jou lewe, en belê ook in hulle lewens.

**Bespreking:**

1. Bespreek met mekaar wat vriendskappe vir jou al in jou lewe beteken het, veral in terme van jou geloofslewe.
2. Het jy al mense gehad wat in jou lewe jou vriende word en dan daarna allerhande verskuilde agendas het of jou net vir hulle eie doeleindes wil gebruik? Hoe verskil dit van ware vriendskap?
3. Hoe kan jy 'n ware vriend(in) vir iemand wees, wat vir jou vriende kan bedien met die Here se goedheid, omgee en liefde?
4. Bid vir julle vriende.

**Week 4: Kies die regte verhoudings met die mense nader aan jou**

**Teks:** Fillipense 4:4; Romeine 12:2; Spreuke 17: 22; Spreuke 2:20-2; Romeine 14:19; Prediker 4:9-12; Spreuke 27: 17

Die wêreld is vol besoedeling. Baie keer is dit nie die dinge wat ons aarde besoedel nie, maar die verhoudings met die mense naby aan ons. Daar is baie mense wat baie negatief is oor ons land en die wêreld waarin ons leef. Dit is mense wat altyd kla en gekenmerk kan word aan 'n negatiewe houding teenoor byna alles.

Soveel mense is negatief en pessimisties. Hulle kla steen en been en dis amper of hulle in kompetisie met mekaar is oor met wie dit die slegste gaan.

Wanneer ons ingetrek word by hierdie mense se negatiewe houdings, kan dit ramspoedig oorspoel in ons verhoudings met die mense naaste aan ons. Wees daarom eerder positief, en fokus op die goeie en die hoop wat die Here vir ons gee. Dit is realisties om die swaarkry en die moeilikheid in die wêreld raak te sien. Maar ons hoef nie net tot daar te kyk nie. Buiten die moeilikhede en swaarkry is daar altyd God se hoop en seënige te midde van al die slegte dinge in hierdie wêreld van ons.

Net soos 'n mens pessimiste moet vermy in jou lewe, moet jy dit najaag om jouself te omring met positiewe mense wat jou opbou, bemoedig en aanmoedig. Natuurlik moet jy self ook 'n positiewe mens wees en jou positiwiteit met ander mense deel. Omring jou met mense wat geleenthede sien in plaas van probleme; mense wat oplossingsgerig dink en nie vasklou aan die verlede nie.

God verwag 'n positiewe en hoopvolle gesindheid van Sy kinders. Hulle moet daarop toegespits wees om geleenthede raak te sien en ander altyd opbeur ten spyte van hulle eie swaarkry en terugslae. Leef met 'n positiewe gesindheid en word verras deur hoeveel dinge daar werklik is wat jou gelukkig maak.

Goeie verhoudings is soos petrol in jou tenk: dit motiveer en inspireer jou. Jou brein reageer positief as jy ondersteuning het. Dieselfde geld vir jou liggaam: Navorsing het al gewys goeie verhoudings lei tot goeie gesondheid, 'n sterker hart en 'n sterker en beter immuniteitstelsel.

**Bespreking:**

1. Hoe kan ons dieper en betekenisvolle verhoudings met die mense naaste aan ons (ons gesinslede en vriende) koester?
2. Wat beteken dit dat die Here vir jou, jou gesinslede en vriende gegee het om Sy hoop en goedheid in die wêreld raak te sien?
3. Hoe kan jy help om die mense naaste aan jou se oë te help oopmaak vir die hoop en goedheid wat die Here vir ons gee?

